

**Saterdag 22 Januarie**

**Skrifgedeelte: Johannes 5:31-47**

**Fokusgedeelte: Johannes 5:39**

**Die vraag is nie of jy alles weet en verstaan nie, die vraag is:**

**Gaan jy reageer op dit wat jy wel verstaan?**

Die Bybel vertel nie alles van God, alles wat Hy doen en presies hoe en hoekom Hy dit doen nie ... maar die Bybel openbaar duidelik en genoeg hoe ons Hom kan ken en in 'n persoonlike verhouding met Hom kan staan. Die Bybel is duidelik oor Wie God is, hoe ons gered kan word deur geloof in Christus, en hoe ons moet lewe onder leiding van die Gees. Tog is daar soms 'n blindheid omdat ek my eie agenda in die Skrif wil indra, soms wil ek nie dit wat duidelik daar staan, in die geloof omhels en leef nie.

In die teksvers sien ons dat die Jode besig is met die Bybel, dat hulle daarin die ewige lewe soek, maar tog word hulle verblind deur hulle eie verwagting van 'n aardse verlosser wat hulle sal bevry van die Romeinse oorheersing. Hulle raamwerk van verdienste en goeie lewe tot redding verblind hulle om die duidelike genade van God in Christus raak te sien. Hulle trek nie die lyn van die vervulling van die Ou-Testamentiese profesieë tot by Christus nie. Hulle soeke in die Skrif word vertroebel deur hulle fokus op hulleself (vs 44). Die werk van die Here Jesus op aarde is egter duidelik (vs 36), die Vader getuig oor die Seun (vs 37), maar die Jode se ongeloof laat die boodskap by hulle verbygaan (vs 38).

Ons kan soms onself ingrawe en verstrengel in onduidelike randsake van die openbaring, maar die duidelikheid van God se genade, die duidelike opdrag tot geloofsomhelsing van Christus as Verlosser en Koning, en die uitlewing van God se wil wat duidelik is, verdof in die soeke en naspeur van onduidelikhede.

Omhels, glo en leef eers wat die Bybel duidelik openbaar, binne 'n verhouding met Hom sal God, deur die werking van sy Gees, jou verder begelei.

*Sing: Psalm 119-1:37*

*Ds. CJ van Heyningen (Johan) (Stellenbosch)*